

en dra al die stukke werk toe," sê sy en voeg wrang by: "Wanneer jy 'n geskenk koop, stap jy in en sê: 'Ek het R200 om te bestee,' maar wanneer jy vir jouself iets koop, het jy nie 'n begroting nie. Verstaan jy wat ek sê?"

## DIE PAD VORENTOE

Ten spyte van haar toetrede tot die kleinhandelbedryf bly regstreekse televisie Leanne se eerste liefde. "Ons bly in so 'n interessante land; die teks is nooit vooraf geskryf nie en dis soos om elke dag na 'n ander werk toe te gaan. Regstreekse TV is soos 'n dwelm – dis verslawend en ek is versot daarop, maar ek weet as ek dit opgee, gaan die onttrekkingsimptome verskriklik wees."

Leanne het al fantastiese hoogtepunte in haar loopbaan beleef, soos om die enigste TV-aanbieder ter wêreld te wees wat Nelson Mandela self gekies het vir sy elite-lys van ambassadeurs vir sy 46664-veldtog.

Sy lys haar eksklusiewe onderhoude met Oprah Winfrey en Mandela as loopbaanhoogtepunte, asook om oor die tien dae van rou ná Mandela se dood te kon verslag doen. "Ek het die voorreg gehad om die nasie se oë en ore te wees en om toegang tot die grootste nuusgebeurtenis van ons tyd te hê. Dit was regtig merkwaardig. Dit klop enige iets wat ek al gedoen het. Dit was rou en dit was werklik. Ek het gevoel dís waarvoor ek in hierdie bedryf is."

Sy sê Suid-Afrikaners inspireer en frustreer haar ewe veel. Op haar wenslysie vir die nasie is beter gesondheidsorg, opvoeding en behuising. "Teen dié tyd behoort mense ten minste eerbiedig te leef. Ek dink soveel mense staan soggens sonder 'n greintjie trots op en dit breek my hart. Soveel mense het al gesterf in die stryd vir ons demokrasie en ek wens daar was gelyke geleenthede vir almal, maar ek's bevrees dis nie die geval nie." Haar professionele rol – om vrae te vra en kwessies uit te lig – is betekenisvol. "Ons moet die stem wees wat mense nie het nie, veral in 'n verkiesingsjaar wanneer allerhande beloftes gedoen gaan word en jy weet baie daarvan nie verwesenlik gaan word nie."

Hoewel Leanne 'n verskeidenheid liefdadigheidsorganisasies ondersteun – sy's die ondervoorsitter van die Shout-stigting en werk nou saam met MIV/vigs-inisiatiewe deur die 46664-veldtog – fokus sy en Marc daarop om die mense rondom hulle te help om hul lewe te verbeter. "Lenah en haar gesin word goed versorg en haar kleinkinders se skoolgeld is betaal – dis óns manier van help. Baie mense wys vinger na die regering, maar jý moet veranderinge aanbring."

Die vooruitsig om in Oktober 40 te word is "net 'n bisarre gevoel," mymer sy. "Ouderdom het nog nooit vir my saak gemaak nie, maar skielik raak alles meer werklik." Maar sy's positief: "Ek geniet waar ek nou in my lewe is. Ek is so gelukkig. Ek het twee van die mooiste kinders en 'n wonderlike man. Ons het ons kern en nou moet ons dit net geniet. Behalwe vir ouer word, is die lewe lekker. Ek geniet dit."

Vir **Leanne se topwenke** oor hoe om jou eie kleinhandelwinkel te begin en haar praktiese ouerskapreëls, besoek ***www.goeiehuishouding.co.za.***

FOTOGRAFIE: GREG MARINO/STUDIO D, WARREN HEATH, NICK BOULTON PHOTOGRAPHY, KATE MATHIS, ISTOCK, SABC PUBLICITY. ROK EN ARMBAND: POETRY. RING: LEANNE SE EIE